BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c | Vrydag 8 Mei 1970 | WINDHOEK | Friday 8 May 1970 | No. 3073

INHOUD CONTENTS *Bladsy/Page*

ONTWERPORDONNANSIE:

Wysigingsontwerpordonnansie op Dorpsbeplanning 1970

DRAFT ORDINANCE:

Town Planning Amendment Draft Ordinance, 1970 481

ONTWERPORDONNANSIE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene ligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

ıntoor van die Administrateur,
Windhoek.

DRAFT ORDINANCE

The following Draft Ordinance is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) ten einde die naam van die Dorp- en Streekbeplanningskommissie te verander en sy lidmaatskap uit te brei; om voorsiening te maak vir streekbeplanningskemas; om 'n Afdeling Beplanning in die Administrasie in te stel; en om vir aanverwante sake voorsiening te maak.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:—

Algemene wysiging van Ordonnansie 18 van 1954.

1. Die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954), hierna die hoofordonnansie genoem, word hierby gewysig deur die woorde „Dorp- en Streekbeplanningskommissie" en die woord „kommissie" oral waar hulle voorkom deur die woord „Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad" en „raad" onderskeidelik te vervang.

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 18 van 1954.

2. Artikel 2 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in die woordbepaling van „opname" die woorde „of in enige ander gebied" na die woorde „plaaslike bestuur" in te voeg;

(b) deur in die woordbepaling van „dorpsbeplanningskema" die woord „met inbegrip van 'n streekbeplanningskema," na die woord „beplanningskema" in te voeg.

Wysiging van artikel 9 van Ordonnansie 18 van 1954.

3. Artikel 9 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur die woord „vyf" deur die woord „tien" te vervang;

(b) deur die volgende woorde aan die einde daarvan toe te voeg:—

„Die raad kan, met die goedkeuring van die Administrateur, 'n persoon wat nie voltyds as lid van die raad benoem is nie, vir 'n bepaalde vergadering of bepaalde vergaderings van die raad koöpteer.";

(c) deur in die Engelse teks die woorde „Town Planning and Regional Commission" deur die woorde „South West African Planning Advisory Board" te vervang.

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 18 van 1954.

4. Artikel 12 (2) van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur die woorde „moet die kommissie wanneer die Administrateur hom daartoe gelas, hom die onderstaande oogmerke ten doel stel" deur die woorde „ , is die funksies van die raad" te vervang;

DRAFT ORDINANCE

To amend the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) so as to change the name of the Town and Regional Planning Commission and to increase its membership; to provide for regional planning schemes; to establish a Planning Branch in the Administration; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

General amendment of Ordinance 18 of 1954.

1. The Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954), hereinafter called the principal Ordinance, is hereby amended by the substitution for the words "Town and Regional Planning Commission" and the word "Commission" or "commission" wherever they occur of the words "South West African Planning Advisory Board" and "board" respectively.

Amendment of section 2 of Ordinance 18 of 1954.

2. Section 2 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution in the definition of "survey" for the words "of a local authority" of the words "in the area of a local authority or in any other";

(b) by the insertion in the definition of "town planning scheme" after the words "a planning scheme" of the words ", including a regional planning scheme,".

Ordinance 18 of 1954. Amendment of section 9 of

3. Section 9 (1) of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for the word "five" of the word "ten";

(b) by the addition of the following words at the end thereof:—

"The board may, with the approval of the Administrator, co-opt any person who has not been appointed a full-time member of the board, for a particular meeting or particular meetings of the board.";

(c) by the substitution in the English text for the words "Town Planning and Regional Commission" of the words "South West African Planning Advisory Board".

Amendment of section 12 of Ordinance 18 of 1954.

4. Section 12 (2) of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the substitution for the words "the objects for which the commission is established are, wherever so required by the Administrator:" of the words "the functions of the board are";

(b) deur paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:—

„(c) om enige opname binne die Gebied te onderneem en planne in verband daarmee te ontwerp;";

(c) deur in paragraaf (h) —

(i) die woord „pligte" deur die woord „funksies" te vervang;

(ii) die woorde „opgedra word." deur die volgende woorde te vervang:—

„opgedra word:

Met dien verstande dat sodanige bevoegdhede slegs uitgeoefen en sodanige funksies slegs vervul word wanneer die Administrateur aldus gelas.".

Wysiging van artikel 13 van Ordonnansie 18 van 1954.

5. Artikel 13 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na subartikel (3) die volgende subartikels toe te voeg:—

„(4) 'n Afdeling wat die Afdeling Beplanning heet, word hierby in die Administrasie ingestel.

(5) Die Administrateur kan, onderworpe aan die bepalings van die Staatsdienswet 1957 (Wet 54 van 1957), of enige wysiging daarvan, 'n beampte van die staatsdiens by die raad aanstel of aan die raad leen om die pligte van die sekretaris van die raad te vervul. Bedoelde amptenaar bly lid van die staatsdiens solank hy in diens van die raad is en sy besoldiging word uit die Gebiedsinkomstefonds betaal. Die Administrateur kan ook die raad voorsien van akkommodasie vir sy hoofkantoor en die meubels en toerusting wat na sy mening nodig is.".

Wysiging van artikel 47 van Ordonnansie 18 van 1954.

6. Artikel 47 (3) van die hoofordonnansie word hierby geskrap.

Kort titel.

7. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Dorpsbeplanning 1970.

(b) by the substitution for paragraph (c) of the following paragraph:—

"(c) to undertake any survey within the Territory and to design plans in connection therewith;";

(c) by the substitution in paragraph (h) —

(i) for the word "duties" of the word "functions";

(ii) for the word "Ordinance." of the following words:—

"Ordinance:

Provided that such powers shall only be exercised and such functions shall only be performed if the Administrator so directs.".

Amendment of section 13 of Ordinance 18 of 1954.

5. Section 13 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after subsection (3) of the following subsections:—

"(4) A branch to be called the Planning Branch is hereby established in the Administration.

(5) The Administrator may, subject to the provisions of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957), or any amendment thereof, appoint an officer of the public service on the board or second any such officer to the board to fulfil the duties of secretary of the board. Such officer shall remain a member of the public service while he is in the service of the board and his remuneration shall be paid from the Territory Revenue Fund. The Administrator may also provide the board with accommodation for its head office and the furniture and equipment which are in his opinion necessary.".

Amendment of section 47 of Ordinance 18 of 1954.

6. Section 47 (3) of the principal Ordinance is hereby deleted.

Short title.

7. This ordinance shall be called the Town Planning Amendment Ordinance, 1970.